

1 Februarie - BEKERING

Skrifgedeelte: Joël 2:1-3, 12-17 (OAV)

Fokusgedeelte: Joël 2:12, 17 (OAV)

Hoor die God van liefde roep in die aankondiging van die oordeelsdag: My kind, kom tog terug van jou dwaalweë wat tot jou ondergang lei. Kom terug van jou eie begeertes en eie weë. Ja, al is jou sondes soos skarlaken, so rooi soos bloed. Bekeer jou tog tot die Here jou God!

Nee, nie met 'n oppervlakkige, uitwendige, beter lewe nie. Skeur julle harte en nie julle klere nie. Kyk na julle sonde. Rou en treur daarvoor met julle hele hart. "Here, ons het gesondig. Wees ons genadig dat die dag van u oordeel tog nie oor ons gaan nie."

Ook julle wat in valse gerustheid lewe. Julle wat dink dat julle nie sondes het nie. Kyk na julle lewe en julle sondes soos God, die regverdigde Regter dit sien. Sien die dag van oordeel oor jou kom vanweë jou sondes.

Dan, as julle jul sondes waarlik met hart en siel en verstand gesien het, die harte geskeur het deur berou, julle toevlug tot God, die enigste, liefdevolle Regter geneem het, gaan staan dan op Golgota by die kruis van die enigste Redder en Verlosser. Hoor Hom uitroep: "Dit is volbring!" Hy het in jou plek die straf van God volledig gedra. Al was julle sondes soos skarlaken, word dit dan wit soos sneeu. Ons God vergewe menigvuldig in Christus wat die oordeel gedra het. Dit is sy liefde! Verwerp dit tog nie!

Dan, dan daal God se seën en sy vrede neer. Hy gee aan julle nuwe harte. Hy gee aan julle die gawe van die Heilige Gees om julle harte te vernuwe en skoon te was van sonde. Die Heilige Gees maak harte sag sodat julle sal vra na die weë van die Here julle God. Dan sal julle juig soos Palestina juig wanneer die frisse dou daarvoor gedaal het. Juig, wees bly oor die liefde van julle genadige God. Hy het die gawe van sy Seun aan julle gegee en die gawe van sy Heilige Gees in julle harte.

Bid dat die Heilige Gees jou hart sal skeur, in jou sal werk en die vrede en vreugde wat alle verstand te bowe gaan, deel van jou lewe sal maak.

Sing: Psalm 32:3, 4 (1936-beryming)

Ds AJ Coetsee (Emeritus)